Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 13 Julie 1949 Prys 3d. No. 34

## BRITSE WERKERS STAAK ONDANKS LANDSNOOD

Ten gevolge van die dokstaking deur sowat 10,000 Londense dokwerkers het die Britse regering aan die begin van hierdie week 'n noodtoestand afgekondig. Die reeds wankelende Britse ekonomie is 'n nekslag toegedien deur die stakers, aangespoor deur Kommuniste, wat 'n loonsverhoging van 10s. per week vra. Talle skepe word vertraag.

Die Britse minister van justisie het die naweek verklaar dat „die stakers bevele van oorsee" ontvang. Die leiers van die staking, het hy gesê, het hul vasberadenheid te kenne gegee om die Marshall-plan te verongeluk. Hy het die staking as „ekonomiese en politieke verraad jeens die land" bestempel.

Inmiddels is die staking in Brittanje besig om uit te brei en spoorwegwerkers in Manchester het weens simpatie met die stakers met 'n sloerstaking begin.

## FAKKELS BY MONUMENT

Net soos tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument aan die einde van 1938 sal sowat 3,000 lede van die Voortrekkerbeweging, elk met 'n brandende fakkel, op 15 Desember vanjaar aan die feesplegtigheid deelneem.

## MINISTERS VAN VERDEDIGING EN FINANSIES IN BUITELAND

Die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, het Maandag per vliegtuig in Londen aangekom op uitnodiging van die Britse regering ten einde samespreking te voer in verband met middels wat aangewend kan word om Brittanje uit sy ekonomiese chaos te red. By sy vertrek het mnr. Havenga gesê dat hy later ook na Washington sal gaan vir samesprekings met die Internasionale Monitêre Fonds. „Ek sal natuurlik by elke geleentheid my bes doen om die hoogste belange van Suid-Afrika te dien", het hy gesê.

Die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, is ook in Londen in verband met militêre aangeleenthede.

Die samesprekings waartoe mnr. Havenga uitgenooi is, is voorafgegaan deur ekonomiese samesprekings tussen Brittanje, Kanada en die Verenigde State. Dit het geëindig sonder dat daar 'n formule gevind is vir die oplossing van die Britse krisis.

## Goud Hoop Op In V.S.A.

Die goudreserwes van die Verenigde State het 'n nuwe rekord-hoogtepunt, nl. 24,465,923,000 bereik. Dit is ongeveer drie-vyfdes van die wêreld se goudbesit.

# BRITTE GAAN UIT PAD OM VERMENGING TE BEVORDER

## SERETSE KHAMA AMPTELIK AAN VROU GEHELP

**Die huwelik tussen Seretse Khama en 'n Londense tikster het die lig laat val op die omstandighede waarin inboorlinge van Afrika as studente in Engeland verkeer, en beklemtoon opnuut die gevare van 'n vrye sosiale verkeer tussen wit en swart. In Londen het Britse wanopvattings omtrent rasse-suiwerheid daartoe gelei dat 'n naturellestam in Suid-Afrika sedelik en daadwerklik met opbreking bedreig word. Die nadele hieraan verbonde word sowel deur naturelle as blankes in Suidelike Afrika besef.**

**Volgens die Engelse pers meedeel, het Seretse tydens sy studie in Engeland in 'n staatshostel gewoon, waar dit die gewoonte van die hostelowerheid is om omgang tussen die naturellestudente en blanke meisies van goeie afkoms te reël. Dit was by 'n byeenkoms in 'n klub onder toesig van die hostelowerheid dat Ruth Williams Seretse ontmoet het.** Volgens die mededeling van 'n amptenaar van die hostel was Ruth baie lief vir dans en het sy veral dikwels met Seretse gedans. In verband met Seretse word verklaar dat hy stil van geaardheid was en „nie so baie met meisies omgegaan het soos meeste van die ander (naturelle-) studente nie."

Ter verduideliking het 'n vroue-amptenaar gesê: „Dit is nie voldoende dat ons net na hul stoflike belange omsien nie. **Ons moet ook toesien dat hulle 'n bietjie van die sosiale lewe geniet, en aangesien daar feitlik geen meisies van hul eie ras hier is nie, is dit moeilik om te sien hoe hulle enige sosiale lewe kan hê indien hulle nie met blanke meisies, en daarby blanke meisies van goeie karakter, omgaan nie."**

### LANDSWYE SKAAL

Uit Londen word verder berig dat die departement van koloniale sake vanaf aanstaande jaar alle sorg van naturellestudente wil oordra aan die Britse raad van maatskaplike dienste. Verklaar word dat die grootste gevaar wat ten opsigte van die nie-blankes in Engeland bestaan, is dat ghetto's (lokasies) met 'n veronregte minderheid kan ontstaan. **Om dit teë te gaan sal plaaslike klubs gestig word waar nie-blankes ten volle kan deelneem as volwaardige lede. Vertoë sal ook gerig word aan enige werkgewer wat op grond van kleur diskrimineer teen inwoners van die Britse Ryk.**

### „VERBETERING"

In dié verband skryf die Times dat daar groot besorgdheid bestaan oor die behandeling wat die 3,400 koloniale studente ontvang. Diegene wat in universiteitshostels woon of tuisgaan by private mense is goed daaraan toe, maar diegene wat in die staatshostels is word uitgeskakel van die gewone lewe en dreig om gesegregeer te raak. **Dit is gevolglik goeie nuus om te verneem dat die departement hieraan 'n verbetering wil bring, verklaar die blad, wat daaraan toevoeg:**

**„Niks in die program van koloniale ontwikkeling en welvaart kan vrugbaarder wees as die proses om aan die jongmanne uit die kolonies wat na Engeland gestuur word om beter kennis op te doen in verband met hul taak, 'n deeglike insig te gee van die Engelse lewenswyse nie."**

## GELD IN GRAF GAAN VERDIEN

Raymond Emmert, 'n 44-jarige werklose oud-soldaat van Zanseville, V.S.A., het uit sy graf opgestaan as die „wêreldkampioen vir lewendig-begraafdes."

Hy het 44 dae, 23 uur en 20 minute in 'n kis ses voet onder die grond geleef — byna drie dae langer as die vorige rekordhouer, L. G. McIntyre, ook van Zanseville.

Duisende het sy graf besoek en deur die skeur, waardeur hy asemgehaal het, geloer. Baie het geld in 'n kassie wat Emmert langs sy graf gelaat het, gegooi. Hy is deur die skeur gevoed met gewone maaltye en rooi wyn. Hy is nog gesond.

# Britse Karakter Moet Gehandhaaf Word In Statebond

## Kommissie Bekommerd Oor Getalle

**Vrees dat die Britse karakter van die Statebond en Empire dalk vernietig kan word weens 'n moontlike afname in immigrasie vanuit Engeland as gevolg van 'n agteruitgang in die Britse bevolkingsaanwas, word uitgespreek in 'n kommissie-verslag wat so pas in Engeland na 'n vyfjarige ondersoek openbaar gemaak is.**

**Die kommissie verklaar dat die neiging op die oomblik is dat die Britse elemente in die dominiums sal verminder, en aan hierdie vraagstuk behoort onmiddellik aandag geskenk te word.**

Die berig toon aan dat die gemiddelde aantal kinders per gesin in Engeland op die oomblik 2.2 is, wat nie genoeg is om die Britse bevolking konstant te hou nie. Hierdie klein gesinne het sy uitwerking op emigrasie, sodat aangeneem kan word dat die grootskaalse emigrasie na die Ryksgebiede nie van lange duur sal wees nie.

**„'n Verminderde emigrasiestroom na ander dele van die Statebond kan ernstige gevolge hê vir die ekonomiese en politieke toekoms van Groot-Brittanje en die Statebond as geheel. Selfs al sou die gemiddelde gesingsgrootte in Brittanje op 'n vervangingspeil of iets meer as dit gehandhaaf word — wat die meeste is wat verwag kan word onder goeie ekonomiese toestande hier — is dit onwaarskynlik dat emigrante vanuit Brittanje meer as eenderde of 'n kwart sal uitmaak van die immigrante wat die dominiums nodig sal hê om hul ontwikkelingstempo van voor 1930 te handhaaf. Dit is daarom waarskynlik volgens die huidige neigings, dat die Britse element in die Statebond sal afneem.**

### LEWENSBELANG

„Hierdie feit skep 'n vraagstuk van lewensbelang vir die hele Statebond, en ons beveel aan dat dit gesamentlik bestudeer moet word deur die regering van Brittanje en die regerings van ander Statebondslede."

Hierteenoor meen die kommissie dat alle berekenings omver gegooi kan word deur Brit- (vervolg op bladsy 8, kolom 1)




## 'n Tjek is veiliger!

**Dit is nie net ongerieflik om geldelike vereffenings of oorbetalings in kontant te doen nie—dit kan ook verliese meebring.**

**Vermy sulke ongerief, beslommernis en verliese deur by oorbetalings liewer van die veilige en gerieflike TJEK gebruik te maak. Spreek die naaste takbestuurder van Volkskas.**

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS
BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)
HOOFKANTOOR: PRETORIA
New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agente: Lloyds Bank Limited

# Vervalsing Van Vrou Se Waarde Afgekeur

**Skoonheidskompetisies en die parades van sogenaamde skoonheidskoninginne in swempakke is sterk afgekeur deur die Kerklike kongres oor maatskaplike euwels toe mev. Gertrude Groenewald die afgevaardigdes toegespreek het. Sy het ook haar afkeur uitgespreek oor advertensies wat vroue aanmoedig om te rook en te drink en mansklere te dra.**

Hierdie dinge het sy beskryf as subtiele pogings om die vroue van die Christendom 'n vreemde en valse opvatting te gee van ware vroulikheid.

Vroue kan die ster wees in die gedagtes van mans, maar sy kan ook 'n valse lig wees wat mans na die ondergang verlei. Vroue word omgepraat om te rook en te drink sodat hulle in die mode kan wees.

Op die toneel en films en elders verkondig mode-ontwerpers, adverteerders en ander handelsbelange die idee van 'n filmster in 'n liefdesbeswyming, die draaiende, wiegelende skamel-geklede danseres, die naakte vroue figuur, en die lae hals as die ideaal van vroulikheid.

### VALS

Mev. Groenewald het gesê dat hierdie opvatting van 'n vrou vals is. Dit is 'n uiting van die tyd en vreemd aan die Christendom. Baie daarvan het sy oorsprong in die outydse paleise en Oosterse harems of in die bosse van Afrika.

Daarenteen het die krag van die Voortrekkervrou gelê in haar geloof, die eenvoudige waardigheid en natuurlikheid van haar lewe, haar moed en haar uithouvermoë om hindernisse te oorkom en die reinheid van haar karakter.


Mev. Groenewald is luid toegejuig. Die kongres het 'n besluit aangeneem waarin 'n beroep op vroue gedoen word om hulle aan te gord teen hierdie verval en euwels.


## B.A. KRY NUWE BETEKENIS


Hoe geleerder mense is, hoe minder kinders hulle het. Of dit in Suid-Afrika ook die geval is, sal eers vasgestel moet word, maar statistieke in Amerika het dit bewys. Daar is gevind dat gegraduéerdes minstens elkeen nog twee kinders moet hê om hul regmatige aandeel te neem in die groei van die Amerikaanse volk. Die Amerikaners vra hulle self af of B.A. ‚babas afwesig' beteken.



## Versigtige verpakking verseker veilige aflewering


**Dit is ONSEKER** | **Dit is VEILIG**


Moenie goedere los verpak nie.


Maak alle ruimtes styf vol.


Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.


Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.


Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.


Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

*Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*


# TOENAME IN OU MANNE SKEP GROOT VRAAGSTUK VIR KWYNENDE VOLK

**Die verslag van die Britse kommissie van ondersoek na die bevolkingsaanwas in Brittanje, werp 'n interessante lig ook vir Suid-Afrika op die gevolge van 'n dalende geboortesyfer. Die syfers toon aan dat terwyl die jeug in Engeland besig is om te verminder, die oues van dae 'n verdubbeling ondergaan het. Een van die gevolge hiervan is dat die produksievermoë van die land swaar getref word terwyl die groter getal oues swaarder verpligtings op die land lê. Daarbenewens sal dit die invloed van Brittanje in die wêreld uiteindelik aansienlik verminder.**

In die afgelope 250 jaar het die Britse bevolking aangegroei van 7 miljoen tot 49 miljoen maar sedert 1870 het die grootte van die Britse gesinne begin daal sodat dit vandag nie meer in staat is om die bevolkingsverliese te vervang nie.

Ontleding van die syfers wat die kommissie tot sy beskikking gehad het, toon dat jong mense onder 20 jaar geweldig in verhouding afgeneem het terwyl ou mense bokant sestig jaar net mooi verdubbel het. Die gemiddelde ouderdom van die volk het gevolglik vinnig toegeneem. In 1891 was die gemiddelde Brit 27 jaar oud, tans is die gemiddelde ouderdom 35 jaar.

Die Britse bevolking se samestelling is tans as volg: persone van 1 tot 19 jaar maak 28 persent van die volk uit; dié tussen 20 en 39 sowat 30 persent; tussen 40-59 jaar 26 persent, terwyl diegene oor 60 jaar niks minder nie as 15 persent van die bevolking uitmaak.

### KLEIN GESINNE

Nadere ontleding toon baie duidelik waarom daar so min jong mense in Brittanje is. Gedurende die Viktoriaanse tydperk het elke ouerpaar gemiddeld 5½ kinders gehad. Ouers wat tussen die jare 1925 en 1929 getroud is, het tans net 2.2 kinders. **Daar is dus 'n daling van 60 persent in die Britse geboortesyfer. Daarby het aan die lig gekom dat die daling in geboortesyfer veral voorgekom het onder die gegoede mense wat dit kan bekostig om kinders groot te maak.** Die kommissie aanvaar dat 2.2 kinders per gesin tans die basis is vir Britse families. Dit beteken dat die volk met ses persent tekortskiet om sy getal te handhaaf.

**Die kommissie toon verder aan dat diegene tussen 15 en 39 jaar met 1.4 miljoen binne die volgende 15 jaar sal verminder, terwyl diegene oor 65 binne die volgende 30 jaar met 2.3 miljoen sal toeneem. Die verwagting is ook dat geboortes binne die volgende 15 jaar vinnig sal afneem.**

### AGTERUITGANG

Die bevolking sal nog met 'n paar miljoen binne die eerste twee geslagte vermeerder, maar dan sal dit begin daal. Indien die gesinne net so groot bly soos dit nou is, sal die Britse volk teen 1977 sy hoogtepunt bereik wanneer hy 50.7 miljoen sal wees. Daarna sal hy verminder. Daarby word geskat dat die gemiddelde ouderdom van die volk binne 30 jaar met drie jaar, naamlik tot 38 jaar, sal vermeerder.

Onder die voordele wat 'n groter bevolking vir Brittanje sal inhou, noem die kommissie dat Brittanje dan sy produksie sal kan vermeerder en daar sal meer tegniese ontwikkelings kan plaasvind. Daarby sal die ekonomie van Brittanje meer buigbaar gemaak word en die Britse invloed sal ook toeneem in die buiteland.

### MEER WERK VEREIS

**Die feit dat die bevolking besig is om vinnig oud te word, sal dit noodsaaklik maak dat die produksie-vermoë van die Britse werker meer intensief benut en dat die aftree-ouderdom** in die toekoms hoër opgeskuif sal moet word. **Indien laasgenoemde nie gebeur nie sal ouderdomspensioene die staat teen 1978 sowat £501 miljoen per jaar kos. Tans is dit £238 miljoen.**

Omdat daar so min jongmense is, sal dit ook nodig wees dat elke jong Brit behoorlik opgelei word vir werk waarvoor hy aanleg het.

### PROMOSIE VERYDEL

Met die toename van ouer persone in die diens sal die mededinging tussen bejaarde manne om promosie ook geweldig toeneem. Dit sal baie jong manne met ambisie in die wiele ry, en hulle is juis die mense met ondernemingsgees. Hierdie oorweging is 'n aansporing vir vroegtydige aftree-pensioene, maar soiets sal nie in belang van die staat wees met so baie ou mense nie. **Die kommissie beveel dus aan dat langer dienstyd nie van toepassing moet wees op senior-betrekkings nie, maar hoofsaaklik op ou manne in laer posisies.**

Uit die oogpunt van nasionale verdediging beskou die kommissie dit as ongelukkig dat binne die volgende tien jaar manspersone tussen 15 en 40 jaar vinnig sal afneem, want dit is alleen uit hierdie klas wat die soldate getrek kan word.

## ENGELAND SE REUSE-SKULD

Die vraag of Brittanje ooit weer in staat sal wees om sy skuld aan Amerika terug te betaal, het die afgelope week by menigeen opgekom na aanleiding van syfers wat die Britse minister van finansies, sir Stafford Cripps, in die laerhuis bekend gemaak het. **Hy het aan die lig gebring dat Brittanje sedert 15 Augustus 1945 nie minder as £1,015,750,000 van Amerika geleen het nie.**

Ten spyte van hierdie reuse-lening was Brittanje nie in staat om van die skok wat hy deur die oorlog toegedien is, te herstel nie.


## „HUISE" . . .



**ALBEI IS „HUISE"**—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie"—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis"—en te dikwels vir maar 'n déeltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik genoeg* assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur

SANLAM **nog 'n SANLAM-Polis!**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-1

DIE O.B., WOENSDAG, 13 JULIE 1949

# SKADELIKE TAAL

Volgens berig in die Engelse pers het die Minister van Arbeid, mnr. Ben Schoeman, in 'n verkiesingstoespraak in Vrededorp met verwysing na die Kleurlingstemreg gepraat van die „Hotnots wat van die kieserslyste verwyder sal word" met die volgende sitting van die parlement. Hy het ook gepraat van die „Koelies en kaffers" deur wie die blankes nie geregeer sal word nie. Ons wil liewer glo dat hierdie berigte nie 'n juiste weergawe is van die taal van die Minister nie, en indien dit die geval is, behoort min. Schoeman uit sy pad te gaan om dit te weerlê. Maar ons kennis van verkiesings dwing ons ongelukkig tot liggelowigheid in hierdie geval. Opsweping van gevoelens is 'n belangrike deel van verkiesings onder die parlementêre stelsel en in die giftige atmosfeer van strydende partye neig sprekers alte maklik na die platvloerse in die poging om die massa tot histeriese woede of vertwyfeling op te sweep. Vir iemand buite daardie atmosfeer klink sulke uitlatings soms uitermate belaglik of aanstootlik, en waar daar altyd 'n opposisie-pers gereed staan om, ter kleinering van die teenparty, die wanklanke na kalmer buurtes te versprei, kan die skade van uitlatings soos dié wat aan die Minister toegeskryf word, die voordele van 'n plaaslike verkiesingsoorwinning ver oortref, selfs al sou 'n oorwinning van sulke taal afhanklik wees.

### KOEËLS EN STEMME

Die rassetoestande in die Unie is van so 'n aard dat daar selfs provinsiale verkiesings met groot welslae oor gehou kan word. Verantwoordelike persone — of liewe persone in verantwoordelike posisies — vertel elke dag aan die blankes dat hul bestaan op die spel is, en dan word dit voorgehou asof die blankedom met anderhalfmiljoen stemme gered kan word. **Maar ons het tevore en herhaalde kere reeds beklemtoon dat die rassevraagstuk in ons land nie afhang van stemme of selfs koeëls nie, maar slegs van een ding, en dit is 'n gesonde verhouding tussen die rasse.** Selfs al sou die regering met behulp van sy polisie en soldate daarin slaag om 'n gedwonge beleid van segregasie deur te voer wat elke nie-blanke oor die grense sal veeg, dan nog beteken dit nie die oplossing van die vraagstuk nie. **Al wat dan gebeur is dat die vraagstuk verplaas word na 'n ander terrein waar dit in nuwe vorme en met verdubbelde woede sal voortwoeker. In plaas van dat blanke wonings bedreig sal word deur nie-blanke buurskap, mag blanke wonings bedreig word deur afbranding deur nie-blanke sluipers soos in die dae van die Oosgrens. Dit is een van die vorme wat die vraagstuk in sy nuwe gedaante mag aanneem, en dan sal dit nie soveel en soveel stemme wees waarmee die vraagstuk besweer moet word nie, maar soveel en soveel soldate jaar in en jaar uit.**

### FYNGEVOELIG

'n Gesonde verhouding tussen die rasse wie se lotsbestemming in Suid-Afrika opgesluit lê, is 'n voorwaarde vir enige duursame oplossing, of dit nou al segregasie of vermenging is. En veral vir die eerste, wat die O.B. ook bepleit, is 'n gesonde verstandhouding gebiedend noodsaaklik as dit met welslae deurgevoer moet word. En so 'n gesonde verhouding kan nie bewerkstellig word wanneer voortdurend die grootste vyandskap en minagting van blanke kant — en dan nog op kabinetshoogte — geopenbaar word nie. Ons mag verskil oor die mate van strengheid waarmee die nie-blanke behandel moet word, maar daar sal seker weinig wees wat sal verskil oor die noodsaaklikheid dat hulle ordentlik behandel moet word. Ons lewe nie meer in die dae van Jan van Riebeeck toe nie-blank en barbaar min of meer sinoniem was nie. Die nie-blanke het 'n beskawingspeil en 'n daarmee gepaardgaande fyngevoeligheid ontwikkel waarmee vandag rekening gehou moet word. Daarom vrees ons dat 'n uitlating soos dié van min. Schoeman nie meer kwaad aanrig as 'n hele reeks vergaderings van Sam Kahn.

# „Britse Karakter"

Die besorgdheid wat deur 'n Britse kommissie van ondersoek geopenbaar word ten opsigte van Brittanje se moontlike onvermoë om genoegsame immigrante aan die dominiums te besorg ter handhawing van die Britse karakter van die Statebond, behoort diegene wat meen dat daar by Brittanje 'n onverskilligheid ingetree het ten opsigte van sy voormalige kolonies wat nou selfs republieke kan word as hulle wil, se oë oop te maak vir die feit dat 'n jakkals van haar mag verander maar nie van streke nie.

Meer as honderd jaar gelede is daar in Engeland ook 'n verslag uitgebring deur ene lord Durham wat ondersoek moes instel in verband met die Kanadese opstand in 1837. Sy aanbeveling was dat aan die kolonies groter vryheid gegee moet word **nadat doeltreffende stappe gedoen is om hulle 'n blywende Britse karakter te gee deur middel van grootskaalse immigrasie.** As die bevolking Brits is, is die bande met „Home" so sterk dat konstitusionele bande oorbodig

(*vervolg in volgende kolom*)

(*vervolg van vorige kolom*)

word, was min of meer die lord se standpunt.

**Hierdie advies is gevolg en veral sedert die verowering van die Boere-republieke het dit die waarde van bogenoemde stelling so onbetwisbaar bewys dat die hardste imperialis vandag welgemoed toestem tot „groter konstitusionele vryheid" aan voormalige kolonies.** Oor hierdie waarheid bestaan daar vandag onder Britse politici geen verskil van mening nie.

Met hierdie feit voor oë is dit die taak van enige nasionale regering om Britse immigrasie tot 'n minimum te beperk. As ons dan vry is om die Britse Statebond te verlaat, en te maak soos ons wil, dan behoort dit vir diegene wat ons ons „vryheid gun" ook geen saak te maak as ons bevolking se karakter minder Brits word nie. **Maar as Suid-Afrika op grond van sy lidmaatskap met die Statebond Britse immigrante bo ander moet bevoorreg, dan is Suid-Afrika òf nog nie volkome vry nie òf daar word op sy vryheid inbreuk gemaak. Solank 'n staat op 'n afstand van sesduisend myl wil bepaal wat die karakter van 'n ander land se volk moet wees, so lank is daar nog geen sprake van vryheid nie.**

## *Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (9)*

# Fatsoenlikheid Moet In Openbare Lewe Heers

**Ons het nou vasgestel dat die partystelsel swaar getref sal word sodra behoorlike skeiding tussen regering en volksverteenwoordiging gemaak word. Groter persoonlike verantwoordelikheid sal sowel in die volksraad as in die regering waargeneem word omdat die gesamentlike verantwoordelikheid van die party wegval en lede dus nie meer daar agter sal kan skuil nie. Ons het daaraan toegevoeg dat indien hierdie uitskakeling van die partygees as voorvereiste vir staatsbestuur nog nie die nodige kalmte bring nie, kan daar net soos in die Transvaalse Republiek wetgewing ingedien word om enige deelname van 'n politieke organisasie aan verkiesings onwettig te verklaar.**

**Al wat nodig is, is dat 'n persoon weer soos toe verbied word om 'n verkiesing te veg met behulp van 'n verkiesingskomitee of organisasie.**

Omdat die euwel in Transvaal betyds gekeer is, terwyl dit vandag al diep wortel geskiet het, mag dit nodig wees om bietjie verder te gaan. **Daar kan ook 'n verbod geplaas word op die stigting van verkiesingsfondse en die praktyk dat kandidate stemme aanry na die stembus.** Laasgenoemde is een van die ondemokratiese dinge van die partystelsel wat oorloop van demokratiese ywer. **As 'n persoon nie wil stem nie, waarom hom teen sy sin aanry en sodoende moreel verplig om 'n bepaalde keuse te doen? As 'n persoon geen belangstelling in die politiek het nie, watter sin sit daarin om hom aan te ry om 'n oordeel te gaan vel oor iets waarin hy geen belang stel en dus geen kennis van het nie?** Dit is tog 'n aanvaarde feit dat daar 'n groot deel binne 'n volk is wat hoegenaamd nie politiekbewus is nie. Laat hierdie mense met rus en hou verkiesing met diegene wat wel die nodige belangstelling openbaar en dus darem minstens sal weet waaroor daar gestem word, al sou hulle nie altyd bevoeg wees om oor die sake behoorlik te oordeel nie. **Dit sal reeds 'n natuurlike sifting meebring in die oordeel van die volk — iets wat eerder verwelkom as verhoed behoort te word.**

### SPREKERS VAN BUITE

**Ten vierde kan net soos in die Transvaalse Republiek 'n verbod geplaas word op die deelname van 'n persoon aan 'n verkiesing buite sy eie kiesafdeling. Dit sal al dadelik die beroepspolitikus uitskakel wat in Kaapstad of Johannesburg sit en dan vir hom êrens aan die grens van Suidwes of Betsjoeanaland 'n setel uitskop.** Daarby sal die „groot kanonne" van die party nie in staat wees om vir Kerneels Almalsgek in die een of ander kiesafdeling te kom opveisel as die redder van die wêreld net omdat hy toevallig aan daardie party behoort nie. **Kiesers sal dan in staat wees om die bekwaamste man in hul kiesafdeling aan te wys, en op die manier sal daar 'n verdere sifting plaasvind — hierdie keer van volksverteenwoordigers.** Hulle sal dan veel groter verantwoordelikheid teenoor hul kiesers dra as die huidige parlementslid wat eintlik maar op grond van sy party se program van beginsels in kom, en origens 'n gedweë stemvee van die partykoukus is op wie hy hom beroep as hy voor sy kiesers moet verslag doen.

Sonder dus om meer „diktatoriaal" as die Transvaalse wetgewers te wees, sal ons die partystelsel so lam kan lê dat waardigheid en kalmte weereens tot ons raadsale sal kan terugkeer soos Noag se duif na die droë aarde.

### DIE PERS

Al wat nou oorbly is die pers van die partye of organisasies wat hulle vir die een of ander rigting beywer. Hulle kan nog oor die grense van die kiesafdelings opereer en kiesers teen kandidate bevooroordeeld maak. **Dit sal die laaste vesting van die partydraak wees wat verower moet word, en ook hier hoef daar nie buitengewoon kras opgetree te word nie — in elk geval nie krasser as wat daar vandag al teen individue in die gewone lewe opgetree word nie.**

In die advertensiewêreld is daar wetgewing wat sékere misleidende advertensies verbied — die Minister van Naturellesake het nog 'n paar weke gelede sulke wetgewing ingedien in verband met „naturellemedisyne". Verder word daar deur die Persunie streng gewaak teen onbillike en buitensporige aansprake wat in advertensies gemaak kan word. **As dit dan geld ten opsigte van die advertensie van goedere, waarom kan dieselfde beginsel nie ook toegepas word ten opsigte van die advertensie van persone en beginsels nie?** In Holland is 'n stap in die rigting nou gedoen deur die indiening van wetgewing wat 'n regbank daarstel wat moet waak oor die gedrag van joernaliste. **Verstrekking van onware feite byvoorbeeld word strafbaar gemaak.** Dit spreek vanself dat soiets baie daartoe sal bydra om die soort wilde aantygings en bekladding van openbare figure waarvoor ons partypolitiek gekenmerk word, te voorkom.

### GROOT VRYHEID

In ons land is 'n poging aangewend in die rigting deur 'n bepaling in die Kieswet dat joernaliste hul berigte moet onderteken in verkiesingstye. Sover ons bekend, is egter nog nooit enige stappe teen 'n joernalis gedoen op grond van onbetaamlike berigte in verkiesingstyd nie. Die enigste stappe kragtens die wet was waarskuwings aan redakteurs wat versuim het om hul name te teken. Solank hulle maar net hul name teken, is hulle blykbaar vry om die buitensporigste propaganda en verdraaiings te publiseer. Inderdaad is ons lasterwette, wat andersins nogal taamlik gevoelig is waar dit gewone persone of sakeondernemings raak, baie slap waar dit openbare figure betref. Tot so'n mate is dit die geval dat 'n koerant of 'n spreker met heelwat veiligheid enige wilde aanklag teen 'n politieke teenstander se kop kan slinger solank hy net die byvoeglike naamwoordjie „politieke" vooraan voeg.

### „OPENBARE BELANG"

As rede hiervoor word aangevoer dat daar veel meer speelruimte gelaat moet word vir kritiek op politieke gebied omdat die „openbare belang" dit vereis. **Maar die vraag kan gestel word of die openbare belang nie veel eerder fatsoenlikheid en waarheid vereis nie. Wat is meer in belang van die publiek as die waarheid? Mag 'n man maar 'n fatsoenlike volksleier doodverf met valse aantygings en leuenagtige propaganda net omdat dit in die openbare belang kan wees dat tien persent van wat gesê word dalk waar kan wees? Is dit nie net so skadelik vir die openbare belang as so 'n man met sy negentig persent aan deugde of goeie bedoelings teruggehou word van sy taak weens die wanvoorstellings van sy hoedanighede of oordrywing van sy tekortkominge nie?**

### POLITIEK 'N SPEL

Afgesien van hierdie verskoning wat aangebied word vir die buitensporigheid op partypolitieke gebied, moet hierdie gedagtegang toegeskryf word aan die Britse opvatting van parlementêre spel. **Vir die Brit is politiek nie 'n ernstige saak van die hoogste volksbelang nie. Dit is 'n spel, net soos gholf of krieket 'n spel is. Daarom praat hulle dan ook van die „political game". En omdat dit 'n spel is, word dinge daar toegelaat wat in die gewone lewe nie geduld word nie.** As ek byvoorbeeld in die straat stap en 'n man pak my aan die kraag beet en slinger my teen die grond, gaan ek hof toe indien ek die saak nie daar en dan uitspook nie. Maar as dieselfde man my op die rugbyveld teen die grond lak, sal ek met 'n glimlag opstaan en verder speel, soos dit 'n goeie „sportman" betaam. **Omdat die Brit die „parlementêre spel" in dieselfde gees betrag, geniet dinge wat as onfat-**

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

# Man In Straat Lug Sy Mening Oor Parlement

**Kapenaars het blykbaar nie so 'n hoë agting vir die parlement as wat mens van hulle sou verwag nie. Blykbaar is dit omdat hulle die enigste groep mense is wat darem so af en toe 'n kansie kry om 'n uur of wat in die publieke galerye te sit solank die volksraad in sitting is.**

'n Verteenwoordiger van Die O.B. het die afgelope week langs Adderleystraat afgestap en verskeie persone na hul mening gevra omtrent die parlement soos hulle hom vanjaar weer in Kaapstad in werking gesien het. Die menings was nie baie uiteenlopend nie.

„Ek en 'n vriend was nou die aand in die volksraad om te gaan luister wat daar aangaan, maar ek was bitter teleurgestel. **Die waardigheid wat ek daar verwag het, het totaal ontbreek"**, het 'n kantoorjuffrou wat agter 'n navrae-toonbank gesit het verklaar. **„Dit is dié wat ek nog nooit by 'n party of organisasie aangesluit het nie. Ek speel eerder tennis.**

„Toe ons daar was, was die saal vir die grootste gedeelte feitlik leeg en ek het die spreker jammer gekry omdat hy vir mense moes praat wat nie eintlik belangstelling getoon het nie."

**POSBODE SE MENING**

'n Posbode met 'n swaar gelaaide briewesak wat vir 'n bus staan en wag het, het gesê „Ek dink hulle is 'n klomp lekker ouens daar in die volksraad. Ek het al gehoor dat hulle 'n lekker doppie kan steek. Ek het nog nooit die moeite gedoen om saans na hulle te gaan sit en luister nie."

„Ek gaan gereeld parlement toe", het 'n netjies geklede oubaas wat in sy motor sit en wag het, verklaar. **„Elke jaar is dit maar dieselfde. Hulle raas en baklei binne in die saal en dan drink hulle weer saam koffie. Nie een neem die ander ernstig op nie, en elkeen kry maar sy hou in as dit hom pas."** Gevra of hy rede sien dat ons die parlement moet hervorm, het hy gesê: „Beslis, maar die vraag is net hoe. Elke soort stelsel sal maar sy gebreke hê."

**„EEN SOOS ANDER"**

'n Klerk agter die toonbank het gesê: „Ek stel in die parlement net soveel belang as wat hulle in my belangstel. Ek het laaste keer nie gaan stem nie, want dit help tog nie. Die een party is soos die ander. Ek stel eintlik net belang in hoeveel belasting ek moet betaal."

'n Dame met 'n aantal pakkies in haar hand het by 'n bushalte gestaan. Wat dink u van die parlement, het ons verteenwoordiger haar gevra. „Ek weet nie juis nie. Persoonlik stel ek nie juis belang in politiek nie. Maar my man kan nooit genoeg praat van die kwinkslae wat ons mense die Sappe in die volksraad toedien nie. Ek was eenkeer daar saam met hom, maar het dit baie vervelig gevind."

**GOEDKOOP VERMAAK**

'n O.B.-lid het verklaar: „As ek die aand goedkoop vermaak wil hê, dan gaan ek in die parlement sit, maar ek kan dit gewoonlik nie langer as 'n halfuur uithou nie."

„Ek weet nie, maar ek dink daar is nie juis fout met ons parlement nie. Hulle praat net vir my te veel. Maar dit is mos eintlik waarvoor hulle daar is, om die dinge uit te redeneer", het 'n man verklaar wat uit 'n winkel gekom het.

**„Dit is die Sappe wat oorsaak is dat die parlement so belaglik gemaak word. Hulle probeer alles wat die regering doen dwarsboom.** As ons mense hulle nie in toom hou nie, wonder ek wat sal gebeur. Nee wat, ek is tevrede met die parlement, veral nou dat ons mense regeer," het 'n jongman met 'n briewetas verklaar.

'n Huisvrou wat saam met 'n vriendin gestap het, het haar mening kort en kragtig opgesom: „Ek dink dit is 'n klug".

# Ondergrondse Water Bedreig

Suid-Afrika se watervoorraad wat op een tydstip as onuitputbaar beskou is, is beslis aan die krimp, het dr. H. F. Frommurze op die jaarvergadering van die Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap gesê.

Een van die oorsake van die verminderde watervoorraad is verspoelings en die boor van haas ontelbare boorgate. Sedert die tot standkoming van die Unie het die Departement van Besproeiing alleen 35,000 boorgate geboor, wat beteken dat ongeveer 190,575,000,000 gellings water uitgepomp is. Hierdie water is die grondslag van die Unie se wol en vleisproduksie. Meer en meer water word steeds uit die aarde gepomp as wat toegelaat word om daarin te gaan.


• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

diens

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.


# BEESTE WORD 300 pd. SWAARDER AS GRAS KUNSMIS KRY

**Kunsmis mag 'n oplossing wees vir die Unie se vleistekort, volgens wetenskaplikes wat die afgelope week in Kimberley vergader het.**

**Drie wetenskaplikes, drr. T. D. Hall, D. Meredith en R. Altona, het aan hul mede-afgevaardigdes op die kongres verduidelik dat verbasende resultate verkry is met 'n kunsmisbehandeling van weiveld. Die proefneming is oor agt verskillende seisoene uitgevoer.**

**Beeste wat op veld gewei het wat geen kunsmis ontvang het nie, het 124 pond swaarder gedurende die somermaande geword. Waar diere op veld gewei het wat met stikstof, bestaande uit sulfaat van ammonium, behandel is, het die diere 253 pond aan gewig gewen. Toe die hoeveelheid sulfaat van ammonium vermeerder is, het die diere 427 pond swaarder geword.**

**Proefnemings wat onlangs in Australië uitgevoer is, het getoon dat woestyngebiede op hierdie manier in ryk grasvelde omgeskep kan word.**

# PETAIN BESIG TE VERGAAN IN TRONK

Daar word nou weer pogings in Frankryk aangewend om maarskalk Petain wat tot lewenslange tronkstraf gevonnis is en tans in die gevangenis op die eiland d'Yeu verkeer, los te laat.

Hierdie poging word aangewend deur sy twee advokate wat hom verdedig het en die saak weer by die Franse president aanhangig gemaak het. Tot dusver was vorige pogings om hom losgelaat te kry, vrugteloos as gevolg van die teenstand van die Sosialiste in die Franse regering.

Petain verkeer in 'n baie bedenklike toestand in die tronk. Hy is reeds oor die 90 jaar en sy gesondheid is baie agteruit. Sy bewaarders is onlangs vervang deur militêre verpleegsters.

In hul versoek aan die Franse president verklaar die twee advokate dat hulle na hul onlangse besoek aan Petain verplig voel om opnuut te vra dat hy losgelaat word. Hy is besig om in die donker dieptes weg te sink. Daar is 'n wet in Frankryk, sê die advokate, wat dit veroorloof om 'n gevangene van 94 jaar los te laat. Dit sal selfs gedoen word in die geval van die grootste boef.

Petain het self nog nooit gevra dat hy losgelaat moet word nie maar dat daar genade betoon moet word aan diegene wat sy bevele gehoorsaam het, en as gevolg daarvan in die tronk beland het na die oorlog.

# Atoombomme Sal 1,000 Myl Ver Na Stede Gerig Word

**Die volgende oorlog sal waarvanskynlik die gesamentlike gebruik van langafstand-vuurpyle, atoomenergie en radar illustreer. Die vuurpylpunt sal gelaai wees met 'n atoombom en gestuur word deur radar.** Dit is dwaas om te dink dat daar nie in hierdie rigting proefnemings uitgevoer word nie, het prof. W. F. Beezhold van die Universiteit van Pretoria op Kimberley verklaar. Hy het die kongres van wetenskaplikes toegespreek.

Hierdeur sal dit moontlik wees om stede te vernietig wat 1,000 myl ver is van die baan vanwaar die vuurpyl geloods word. Dit sal 'n verskrikkende wapen wees.


Hy het ook gesê dat dit moontlik is dat abba-vuurpyle in die toekoms ontwikkel sal word of reeds ontwikkel is. Dit sal bestaan uit vier saamgestelde vuurpyle. Die een sal die ander abba. Sodra die een se dryfkrag gedaan is, sal die volgende een automaties in werking tree en die res verder dra totdat sy krag gedaan is wanneer die ander op hul beurt hul werk sal doen. Op hierdie manier sal 'n vuurpyl maan toe gestuur kan word omdat dit in staat sal wees om deur die swaartekragsfeer van die aarde te dring en na die maan aangetrek te word.

# Vitamine C Maak Koel

Die rol wat vitamine C speel om mense normaal en aan die gang te hou gedurende warm weer, is onlangs in Amerika uitgetoets. 31 Arbeiders is toegelaat om in 'n atmosfeer van tussen 100 en 120 grade F. te werk. Dit het 'n maand lank geduur, en elkeen het elke dag 'n hoeveelheid vitamine C-pille ontvang. Aan die einde van die periode het nie een van hulle aan hitte-uitputting gely nie. Ander werkers wat onder dieselfde toestande gewerk het, maar nie vitamine-pille ontvang het nie het byna almal aan hitte-uitputting gely.

Hiervan word afgelei dat dit nie soseer die koue in 'n lemoendrankie is wat koeligheid bring op 'n warm dag nie, maar die Vitamine C wat dit bevat.


Probeer dit!
VIR OË-TOETS




Skat of lyn B of lyn C 'n verlenging van lyn A is.

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sag geurig rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oë-toets: lyn B voltooi lyn A.)




Kommando
DIE VRIENDELIKE SIGARET
10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.
G1.3003

# Uithongering Van Duitsers Was Doelbewuste Beleid

**Wanneer 'n terugblik gewerp word op die Geallieerde politiek kort na die oorlog — in die tyd toe hulle besig was om Duitse leiers te verhoor op aanklag van „misdade teen die mensdom" — en daaraan gedink word dat dieselfde mense vandag nog die wêreld bestuur, is dit met 'n mate van huiwering dat aan die toekoms van die Westerse wêreld gedink word, veral as daarby besef word dat lande soos Brittanje nog steeds besig is om uitvoering te gee aan ooreenkomste wat in daardie roes van haat gesluit is.**

In sy boek Gruesome Harvest het Ralph Keeling aan die lig gebring hoe daar deur die drie „Grotes" o.a. ooreengekom is om die Duitse volk uit te honger en hoe hierdie beleid inderdaad toegepas is deur 'n „gentleman" soos Harry Truman. Hy haal onder meer 'n beskuldiging aan van senator Capehart in die senaat van die Verenigde State:

**„Die feit kan nie meer weggesteek word nie dat dit die doelbewuste beleid van 'n verroulike en sameswerende kliek binne die beleidsbepalende kringe van die regering was en nog is om 'n volk wat nou aan volslae ellende prysgegee is, in stukke te kap. In hierdie proses is hierdie kliek, wat soos 'n trop hiënas oor die bloedige ingewande van 'n lyk stoei, en besiel met 'n sadistiese en fanatieke haat, vasberade om die Duitse volk uit te delg ongeag wat die gevolge daarvan mag wees."**

### GEHEIMHOUDING

Gepaard met hierdie beleid het gegaan 'n seldsame voorsorg om te verhoed dat enige inligting omtrent die uitvoering en uitwerking van die beleid onder oë van die Amerikaanse volk kom. So het senator Eastland byvoorbeeld meegedeel dat hy met die grootste moeite insage gekry het in die amptelike verslag van Calvin Hoover oor Duitsland. **Dit is hom alleen vergun nadat hy plegtig onderneem het om geen woord daarvan te openbaar nie. Hy het toe die vraag gestel: „Word die ware feite verberg omdat ons beleid so wreed is dat die Amerikaanse volk dit nie sal onderskryf nie?"**

As voorbeeld van hoe hierdie doelbewuste uithongering in die eerste jare van die besetting uitgevoer is, haal die skrywer twee opskrifte aan uit 'n koerant op dieselfde dag:

(1) „Westelike Duitsers Gaan Harde Stryd Tegemoet Teen hongersnood"

(2) „Kom En Neem Dit, Sê Denemarke Aan Honger Europa"

Die artikel onder laasgenoemde opskrif lui:

**„Die uitgeputte Deense landbounywerheid het daarin geslaag om varke tot byna twee miljoen te laat toeneem, 60 persent van die vooroorlogse stapel, en verlede week is 45,000 beeste vir slagdoeleindes aangebied waarvan 32,000 geweier moes word omdat die stoorkamers oorvol is en daar geen skepe beskikbaar is nie.**

„Denemarke het tevergeefs die aandag van Brittanje, Amerika en UNRRA hierop gevestig en terselfdertyd met voorstelle gekom, maar nog geen antwoord is ontvang nie.

### KOS VERMORS

**„Die groot koelkamergeriewe in Noord-Duitsland word nie gebruik van gemaak nie, terwyl koelskepe leeg lê in Noord-Duitse hawens. Terselfdertyd word slagpale gedwing om beeste lewendig aan die boere terug te stuur, waar hulle nou voer verbruik wat anders gebruik kon gewees het vir vermeerdering van produksie."**

Die New York News het 'n paar maande later berig dat daar geen sprake van voedseltekorte in Frankryk en Italië is nie. Frankryk het meer kos as Engeland en Italië het meer as Frankryk, het die berig gelui. Nogtans, so skryf Keeling, is groot bedrae deur UNRRA aan Europese lande geskenk — bedrae wat in die woorde van senator Butler ná 'n besoek aan 33 lande, „aangewend is om regerings te finansier en nie om hongeriges te voed nie". UNRRA het inderdaad biljoene dollars se goedere gegee aan Russiese satellietlande wat dit **verkoop** het aan diegene wat geld gehad het om te betaal „wat aan hulle sodoende mooi inkomstes besorg het in plaas van belastings".

### GEEN HULP

**„In Duitsland daarenteen, waar daar grootskaalse hongersnood en armoede is, is UNRRA uitdruklik verbied om op te tree behalwe in belang van ‚verplaaste persone'."**

Verder is die Rooikruis verbied om in Duitsland op te tree. **„En dit is nou 'n geskiedkundige feit dat die Washingtonse administrasie vir byna 'n jaar alle pogings gedwarsboom het om private noodleniging aan Duitsers te laat geskied, en slegs 'n skamele druppeltjie toegelaat het toe hy uiteindelik daartoe ingestem het ingevolge die dringende beroepe van besettingsamptenare. Dit het 'n beperking van 2,000 ton per maand gestel."**

**Toe 'n beroep op president Truman gedoen is om private hulpverlening toe te laat, het hy aan die betrokke senator geskryf dat niemand behalwe Duitsland self vir sy ellende behoort te betaal nie.**

Later, aldus die skrywer het dit aan die lig gekom dat die verbod op hulpverlening gedeeltelik 'n uitvloeisel was van 'n ooreenkoms tussen die „Grotes". Vandag is dit Brittanje — een van die samesweerders — wat noodoproepe die wêreld instuur om hom van hongersnood te red.

## HOE KAN PARLEMENT HERVORM?

(vervolg van bladsy 4, kol. 5)

**soenlik deurgaan in die gewone lewe, erkenning in die politiek en word dit beoefen deur mense wat ná hul verkiesing aangespreek word as „agbare lede van die Huis".**

### STAAT GESABOTEER

**Wat nodig is, is dat die politieke lewe in ooreenstemming gebring word met die norme wat vir die gewone lewe geld.** Wat lasterlik is in die private lewe moet lasterlik wees in die openbare lewe. As in die geval van sake-ondernemings daar streng gewaak word teen kwaadwillige aantygings, waarom kan dit nie dieselfde wees in die geval van die staat wie se aandeelhouers die hele publiek en wie se taak die welvaart van die gemeenskap is nie? **Waarom kan die staat gesaboteer word met kwaadwillige en ongegronde aantygings net omdat die moontlikheid daar bestaan dat iets miskien verswyg kan word wat werklik waar is?**

## MENS SE HAND

'n Nuwe metode om die hitte van die menslike hand presies te meet, het belangwekkende resultate opgelewer. Daar is vasgestel dat enige mens se hand gedurende sekere tye van die dag verskil van die temperatuur tydens die res van die dag. Elke dag so teen vier-uur is mens se hande die koudste terwyl dit tussen 7 nm. en 11 vm. die warmste is.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.

Adresseer u produkte B/UTH en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — **U. S. Bellingan,** 9/3/49 TK

### TE KOOP

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**SLAGHUIS** te koop saam met aangrensende woonhuis van 10 vertrekke en buitegeboue; dit sluit in een ¾-ton vragmotor, al die slaghuisgereedskap en klandisie-waarde Kwota: 24 skape, 2 beeste en varke onbeperk. Doen florerende besigheid. Prys en besonderhede van **S. P. BEKKER,** Kleinfontein, Tarkastad. 6/7/2B.

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P. T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### GENEESMIDDELS

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. —Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREW SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

### MEDISYNE

**GRYSHAARWONDER** laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 2) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**A.V.B.O.B.**

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

*Pragtige Modelle*
**in Winteruitrusting**
**BY**
Steyns
**Die Modewinkel**
**PAROW**

## IS U 'N REPUBLIKEIN?
## Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van...............................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..................................................

..................................................

..................................................

..................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

Kotzé

**Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.**

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**

# DIE BOERE JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 13 JULIE 1949

## BRIEWE-KOLOM

Posbus1411,
KAAPSTAD.
13 Julie 1949.

Beste Maats,

Vandeesweek het ons weer 'n heel paar interessante briewe ontvang. Twee kom daar ver van die Noorde af, twee uit die Vrystaat en 'n paar uit Kaapland. Sou dit nie oulik wees as ons ook van ons Natalse maats kon hoor nie. Waar is die klompie wat ons op die Majubalaer ontmoet het? Kom maats, skryf aan ons!

Uit MIDDELBURG, TVL. skryf die oudste lid van die Boerejeug, KAPT. HENRI SLEGTKAMP D.T.D. Hy lewer gereeld bydraes vir ons blaadjie wat baie gewild is onder lesers. Ons het juis hier 'n brief van klein COENIE THERON VAN KOFFIEFONTEIN waarin hy ons vertel hoe graag hy kapt. Slegtkamp se vertellings lees. Coenie is nog maar in Sub. B. maar is een van ons gereëlde korrespondente en 'n getroue leser van die blaadjie. Hy het sy Boerejeug kenteken ontvang en is in sy noppies daaroor.

En was ons verbasing nie groot toe ons 'n PAARLSE brief oopmaak en sien dat dit van ALTUS VILJOEN kom nie. Hy wil weet waarom lesers nie dinge soos gedigte of liedjies instuur nie. Jy kan gerus 'n voorbeeld stel, Altus. Ons weet waartoe jy instaat is. Altus is student op Stellenbosch en kla dat hy ietwat uit voeling is met die Boerejeug. Hy lees egter die blaadjie en vertel dat daar in die Paarl hard gewerk word om fondse in te samel vir die end van die jaar. (Ons kon nie 'n koper kry vir jou flitslig nie. Jy moet dit self kom haal. — Red.)

PIET VAN DER WESTHUIZEN van PRETORIA stuur aan ons sy naam vir die verjaarsdagketting maar vergeet om die datum te gee . Hy vertel dat hul veldkornetskap uitbrei. Daar is nou meer seuns as 'n tydjie gelede en die klomp is al weer aan die uitkyk vir 'n geskikte laerterrein.

Een van ons gereëlde korrespondente, SARAH KLEYN van GEORGE vertel dat sy hard probeer het om die eerste plek in haar klas te behaal maar ongelukkig kon sy nie daarin slaag nie. Sy besef egter dat om te wen moet 'n mens aanhou en ons wil haar alles van die beste toewens. Sy sien glo net baie uit na die dag wanneer die skole weer begin en is lus vir die werk wat voorlê. (Jou vormpie het ons ontvang en ja, hou maar die pos dop!—Red.)

SARIE THERON van KOFFIEFONTEIN stuur 'n oulike grappie wat ons later sal gebruik.

Hartelike Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

## VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk. Vanaf aanstaande week plaas ons die name van lesers wat verjaar 'n week vooruit.

**JULIE**

8 Adriana Basson, Kwaggafontein, Tvl.
Catharina van Zyl, Dwarsspruit, Tvl.

9 Nic Cloete, Dist. Fraserburg.
Thys Smit, Malmesbury.
Ria Froneman, Middelburg, Tvl.


10 Catharina du Plessis, Kensington, Johannesburg.
Wilma de Villiers, Paarl.
Marthinus Smit, Malmesbury
Rina Keyser, Loxton.
Salmina Smit, Oudtshoorn.
Hennie Swanepoel, Frankfort, O.V.S.

11 Anna Henning, Paarl.
Grieta Lubbe, Marchand.
Daphne Strauss, Frankfort, O.V.S.

12 Jacomina Zwart, Kakamas Dist.

13 Martha Botes, Loxton.

## BLOKKIESRAAISEL



**DWARS:**

1. Offisiersrang, net laer as Kommandant.
8. Ons doen dit met ons oë.
9. Dit word in die oorlog gebruik.
10. Ons maak ons wapens daarmee blink.
11. Die boonste syfers van breuke.
14. Kop.
15. Daarsonder kan ons nie lewe nie.
16. Hy is die vyfde . . . . aan die wa.
17. Ons doen dit as ons moeg is, veral snags.
18. Iemand wat glo in die onvermydelike toekoms.
19. Klok.
21. Die Boerejeug stel dikwels vir die K.G. . . . . . op.
24. Skerp blik wat alles rondom raaksien.
25. Ongelukkig moes ek onverrigter . . . . terugkeer.
26. Kerk waaruit alle kerke ontstaan het.

**AF:**

2. Uit die chaos van die . . . .
3. Ligvoets huppel en baljaar.
4. My oom se seun is my . . . .
5. Iets waaraan 'n mens kan raak
6. In die Boerejeug word strenge . . . . gehandhaaf.
7. Nie moontlik nie.
11. Baie van ons ry daarmee skool-toe.
12. Gedurende vakansies of naweke woon ons . . . . . by.
13. 'n Outydsewapen.
14. Stop! Halt- (Ons skree dit vir diere).
17. Deur ons Boerejeug-werk streef ons na 'n gesonde gees en 'n gesonde . . . . .
20. Bak waarin 'n mens jou hande en gesig was.
22. Die man het al baie swaar gehad in die lewe, ons sê: „Hy moes al harde . . . . kou."
23. 'n Halwe . . . . is beter as 'n leë dop.

(Oplossing volgende week.)

## S.A. PRESTEER IN BUITELAND

Drie Afrikaners het deur hul prestasies op sportgebied Suid-Afrika die afgelope week op die wêreldkaart geplaas. Bobby Locke, die baasgholfspeler van Suid-Afrika, het hom onderskei deur die Britse opekampioenskap te verower. Hy het die Ier, Bradshaw, met twaalf houe uitgestof. Die prys (£300) verbonde aan die oorwinning is nie groot nie, maar dit is die mees gesogte titel in die gholfwêreld.

Op die gebied van tennis het Eric Sturgess en Sheila Summers op Wimbledon daarin geslaag om die gemengde dubbelspel te wen. Die wedstryde op Wimbledon word gelykgestel met wêreld-kampioenskappe.

**Leen u ook DIE BOEREJEUG aan u vriende om te lees?**


★

## Klank Maak Insekte En Muise Dood

**Wetenskaplikes het nou 'n heeltemal nuwe manier uitgevind om van muise en ander plae wat opgegaarde voedselvoorrade aanval, ontslae te raak, naamlik om hulle deur middel van klank te dood.**

**In die proefnemings wat onlangs in die buiteland uitgevoer is, is sirenes gebruik wat 'n besondere hoë noot ontwikkel. Binne tien sekondes was vlieë. muskiete, kakkerlakke en ander soortgelyke plae dood. Die klank veroorsaak dat inwendige dele van die insekte se liggame vernietig word. Dit is ook bevind dat die vlerke van insekte deur die trillings gebreek is. Die voedselvoorraad word natuurlik nie aangetas nie.**

**In die toekoms sal daar waarskynlik meer aandag aan hierdie soort plaagbestryding gegee word.**



'n Netjiese erewag van Boere jeuglede bring altyd luister aan 'n vergadering.

## DIEWE BESOEK DIE LAER

**(Deur Maat Thys van der Merwe, Malmesbury)**

Al ons manne was om die kampvuur die aand. Die wagte by die laer-ingang was op hul pos. By die kampvuur het die laergangers hartlik saamgesing. Die pragtige sang word deur die aandwindjie gedra sodat 'n mens dit ver kon hoor.

Die wagters kon nie anders as om ook te luister nie. Skielik gewaar Jan iemand wat 'n rewolwer op hul gerig hou. Hy skrik so groot dat hy nie sy wagmaat, wat nog altyd staan en luister, kan waarsku nie. Dit duur ook nie lank nie of albei is stewig vasgemaak. Piet wou skreeu, maar vind later dat dit onmoontlik is vanweë die watte in sy mond.

By die Hoofkwartier is die sluipers reeds besig om die geld-kassie van die Administratiewe Staf-Offisier oop te breek. Onwetend van die skelms, sing die laergangers nog van hul geliefkoosde kampvuur-liedjies.

Jan, wat intussen daarin geslaag het om die wag-hokkie te bereik, merk dat die flikkerende kersie hom van hulp sal kan wees. Versigtig brand hy die sterk tou waarmee hy vasgebind was af. Die vlammetjie martel sy een arm, maar daar is nie nou aan seerkry te dink nie. Hy moet die Wag-Kommandant van die gebeurde in kennis stel. Na veel gesukkel was hy los.

Haastig wend hy hom na die kamp-telefoon, om die Wag-Kommandant in kennis te stel. Gou-gou was die hele laer in rep en roer. Die groter seuns kry bevel om die Hoofkwartier te omsingel. Die waaksame Boerejeug elkeen bewapen met 'n wagstok, staan gereed. Toe die diewe onraad bemerk was dit reeds te laat. Dit duur ook nie lank nie of albei die diewe is vasgebind. Later in die aand is hulle aan die polisie oorhandig vir veilige bewaring. Dit was ook 'n groot diens wat die Boerejeug aan die polisie bewys het, aangesien hulle reeds lank na een van die berugte diewe gesoek het.

Hoewel Jan se arm lank daarna nog seer was van die brandwond, het almal hom as die held van die laer beskou.

**(Ons sal ook bly wees om van ander maats verhaaltjies te ontvang. Thys is maar 11 jaar oud, en kyk waartoe is hy in staat.)**

## Pretoria Se Boerejeug Braai Wors

**Onlangs het die Boerejeug van Pretoria 'n baie aangename uitstappie gehou. Hulle het reeds lank daarna uitgesien. Die seuns het besluit om almal met fietse te ry, terwyl die kleiner lede met 'n motor vervoer sou word.**

By Klipkoppies het almal bymekaargekom en is daarvandaan verder na die plaas van mnr. Groenewald, „Dagbreek". Dit was sommer 'n hele fietsekommando daar in die pad af.

By die plaas aangekom, het Willie en 'n ander maat gesorg vir 'n vuur, terwyl Boet, ons nuwe Kommandant, ons 'n bietjie paradewerk laat doen het. Hierna het ons gespeel. Dit was hoenderhaanskop, skilpadtrek en nog baie ander ou boerespeletjies. Nou was dit etenstyd, maar mense, het ons nie wors geëet nie. Selfs 'n paar dames-offisiere het heerlik aan ons wors gesmul.

Om die kos so 'n bietjie te laat sak, het Boet ons toe weer laat aantree. Piet se voet het agter 'n klip gehak en die hele klomp agter hom tuimel toe oor hom. Hierna het ons spoorgesny en later weer vrolik huiswaarts gekeer.

(Berig deur maat P. van der Westhuizen.)

# S.A. MOET VIR GERIEF VAN BRITSE WERKERS BETAAL

**Suid-Afrika se goud en Kanada se dollars is die twee redmiddels waarop Brittanje sy gretige oë vestig in sy geldelike krisis, wat tans dreig om 'n volksramp vir die Britte te word, veral omdat sy werkers nie genoeg vaderlandsliefde openbaar om hande uit die moue te steek nie. Onderwyl die land wegsink in bankrotskap is sy werkers nog steeds besig om hoër lone en korter werkure te eis en word landswye stakings vir hierdie doel georganiseer.**

In verband met die toestand skryf die Britse blad Financial Times dat die onmiddellike oplossing van die dollartekortvraagstuk in die hande van Kanada en Suid-Afrika berus meer as dié van enige ander land.

Hierdie twee lande kan die tekort afbring tot op die verlangde peil, sonder om die ekonomiese stelsels van die lande van die sterlinggroep te ontwrig.

Hoewel Kanada nie 'n lid van die sterlingfamilie is nie, „verkeer hy in 'n uitstekende posisie om alle sterlinglande die geleentheid te bied om hul dollarinkomstes uit te brei."

„Suid-Afrika se bydrae mag die vorm aanneem van ooreenkomste, waarkragtens die dollar-„pool" van die sterlinggebied van 'n aansienlike aandeel van die Unie se lopende goudopbrengs gewaarborg word."

**WIL ALLES HÊ**

Hoewel Suid-Afrika in naam 'n lid van die sterlinggroep is, was daar sedert die begin van 1948 niks van sy goudproduksie vir die sentrale dollar-pool beskikbaar nie.

Dit mag gebeur dat die Unie se toenemende sterlingtekort, soos ook blyk uit die groot trekkings uit die Britse goudlening van 1947, hom in elk geval sal verplig om te oorweeg om 'n gedeelte van sy goudopbrengs te gebruik vir die vereffening van sy nadelige betaalbalanse by die res van die sterlinggroep, verklaar die koerant.

**„Wat die dollar-pool egter nodig het, is nie net 'n nederige persentasie nie, maar die grootste gedeelte van die lopende Suid-Afrikaanse goudopbrengs.** As reëlings getref kan word om dit te waarborg, in ruil vir 'n sterling-lening, sal dit die Unie in staat stel om die moeilikhede in verband met sy algemene tekort aan buitelandse betaalmiddele te verlig. Sowel die sterlinggebied as geheel as Suid-Afrika self, sal veel baat daarby vind," aldus die Financial Times.

**IN BRITSE BELANG**

**Dit is heeltemal te verstaan dat Brittanje heelwat baat sal vind by 'n reëling wat Suid-Afrikaanse goud vir hom sal besorg in ruil vir duur Britse goedere wat nou in 'n dalende wêreldmark deur goedkoper goedere uit dollarlande verdring word. Maar of dit in belang van Suid-Afrika sal wees om homself te bind tot die opkoping van Britse goedere wat weens hul hoë pryse nie in die wêreldmark kan meeding nie, terwyl hy sy enigste betaalmiddel waarmee hy goedkoper op die wêreldmark kan koop, aan Brittanje verpand, is 'n vraag wat nie aan Londen oorgelaat kan word om oor te adviseer nie.**

Saam met Amerika behoort Suid-Afrika daarop te wys dat Brittanje se redding in die eerste plaas by homself lê. Solank hy besig is om met 'n oppervlakkige politieke stelsel sy werkers se stemme te koop met beloftes van hoër lone en korter ure, so lank sal hy sy moeilikhede nie te bowe kan kom nie — **behalwe as lande soos Suid-Afrika en Kanada bereid is om te betaal vir die verkiesingsbeloftes aan Britse werkers.**

# 'Republiek Binne Statebond Bring Geen Vryheid'

**'n Waarskuwing dat die onlangse ontwikkeling in die Statebond, waardeur lede toegelaat word om republieke te word sonder dat hulle die Britse konneksie verbreek, daartoe kan lei om die Afrikaner die spoor na werklike onafhanklikheid byster te laat raak, is vervat in 'n beskouing deur prof. dr. D. W. Krüger in die tweemaandelikse tydskrif Koers.**

**Prof. Krüger skryf:**

„Die afgelope konferensie van Statebondspremiers het die interessante uitslag gehad dat die dominium Indië toegelaat word om 'n republiek te word met behoud van sy lidmaatskap van die Statebond en met die Koning as simbool van die besondere assosiasie.

„Hierdie ontwikkeling het baie onverwags gekom. **En tog is daar niks verrassends in nie, want die Britse staatsmanne het in die verlede reeds getoon dat hulle fyn diplomate en realiste is. Liewer as om die Statebond uitmekaar te laat val en o.m. die enorme handelsvoordele verbonde aan die lidmaatskap van Indië te laat vaar, sal hulle die bande ietwat losser maak, of liewer die ysterkettings vervang deur silwerkettings, en terselfdertyd die wesenlike voordele behou.**

„Aan die een kant is daar vir ons in S.A. die voordeel aan verbonde dat die republikeinse gedagte nie meer aan die Engelse mede-burgers as 'n paaiboelie voorgehou kan word nie en dat die posisie van Indië nou binne ons bereik lê, dat ons in plaas van die goewerneur-generaal 'n deur die volk self verkose president kan hê.

**MOET GELEI WORD**

**„Aan die anderkant is daar die groot sielkundige gevaar dat ons aan die slaap kan raak, veral as die posisie van Indië aan ons voorgehou word as die eindideaal van ons strewe, wat dit voorwaar nie is nie.** Vir die republikeinse Afrikaner brand die lig verder in die wapad en hy sal nie rus voordat hierdie ideaal bereik is nie. Ons hoor dit wel dikwels: ,Die volk sal besluit,' **maar die volk moet gelei en geïnspireer word.** Dit is vir ons ten slotte nie 'n juridiese kwessie nie, maar 'n sielkundige. **Laat juriste vir ons nog soveel maal beduie dat ons binne die Britse Statebond so vry is as wat ons maar kan dink om te wees, ons glo nie dat ons in die volle sin van die woord vry sal wees voordat die laaste band met die Britse Koningskap verbreek is nie, al is dit nog maar net 'n band van sy.** Dan kan ons met alle goedgesinde lande verdrae sluit, Engeland ingesluit, want vriende het ons nodig in hierdie gevaarlike wêreld. **Republikeinse Afrikaners moet dus wakker loop en die fakkels aan die brand hou, aan watter organisasies hulle ook al behoort. As ons glo in die leuse ,Voor in die wapad brand 'n lig,' moet ons slegs oppas dat ons nie 'n dwaallig vir 'n ster aansien nie."**

## BRITSE KARAKTER

(vervolg van bladsy 1, kolom 3)

tanje se uitvoervraagstuk en die gevare van die atoombom wat kan meebring dat die begeerte om te emigreer baie vergroot kan word of dat dit ten gevolge kan hê dat 'n doelbewuste beleid, hoe moeilik ook al, uitgevoer sal moet word om die mannekrag van die Empire te versprei.

In sy kommentaar oor die verslag skryf die Daily Telegraph dat indien die kommissie se verwagting bewaarheid word dat die Britse gesinne op die huidige basis sal bly, Brittanje dit sal kan bekostig om jaarliks 50,000 immigrante na die dominiums te stuur met 'n bevolkingsverlies van slegs 7 persent oor 'n eeu. **„Hoewel dit minder is wat sommige dominiums begeer, sal dit nogtans 'n aansienlike bydrae kan lewer tot die handhawing van die Britse karakter van die Statebond, en een uitwerking van die verslag sal wees dat dit 'n goedgeregte beleid van volksverhuising sal aanmoedig."**

## Aap Nie Meer Evolusioniste Se Oupa

Aanhangers van die evolusieleer is nog steeds besig om rond te tas na vermiste stutte vir hul teorië en die proses skyn al moeiliker te word vir hulle. Mnr. J. T. Robinson, assistent van dr. R. Broom — wat naam verwerf het vir sy ywer in hierdie vrugtelose soektog — het verlede week nuwe twyfel in die geledere van sy kring gewerp toe hy aan wetenskaplikes in Kimberley gesê het dat dit „nog geen uitgemaakte saak is dat die mens van die aap afstam nie," en dat nuwe ontdekkings hierdie veronderstelling weerspreek. In ouer geologiese lae, aldus mnr. Robinson, is vorms gevind wat meer ooreenstem met dié van die mens, en dit is dus moontlik dat die aap „die produk van 'n ander evolusie-vertakking is."

# Wit En Swart In Afrika Teen Meng-Huwelik

**As die Britse regering die vertoë in aanmerking neem wat daar die afgelope week in Suid-Afrika en Rhodesië uitgegaan het teen die moontlikheid dat Seretse Khama, ten spyte van sy wit vrou, kaptein van die Bamangwato's gaan word, sal hy beswaarlik die besluit van die stam om Seretse te aanvaar, kan bekragtig omdat dit in stryd sal wees met die belange van die naturelle sowel as die blankes.**

Selde het 'n huwelik van 'n naturelle-kaptein en die besluit van sy stam om dit goed te keur, soveel protes uitgelok as dié van Seretse Khama en sy wit vrou, Ruth Williams, wat nog in Londen wag.

Van heel onverwagte kant is daar 'n stem van protes en waarskuwing gehoor. **In die Rhodesiese parlement het die eerste minister, sir Godfrey Huggins, verklaar dat die stam se besluit rampspoedig is. „Dit ly geen twyfel dat dit 'n uiters rampspoedige besluit van die stamlede is, om twee redes: In die eerste plaas toon dit 'n gebrek aan rassetrots in Betsjoeanaland en tweedens is dit rampspoedig uit die oogpunt van die uitwerking op buurgebiede."**

Huggins het gesê dat hy reeds aan die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika geskryf het om beswaar te maak teen Seretse se opperhoofskap.

Ook van die kant van die N.G.-kerke het daar 'n geluid opgegaan. Tydens 'n kongres van die kerk oor maatskaplike euwels in Johannesburg is eenparig besluit dat erkenning van Seretse as kaptein weens sy huwelik met 'n blanke vrou weerhou moet word. Die voorstel versoek ook die Unie-regering om vertoë tot die Britse regering in hierdie verband te rig.

Sowel Seretse as die huidige regent, Tshekedi Khama, het die afgelope week besoek afgelê by die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, sir Evelyn Baring.

By geleentheid van hierdie besoek het die regent amptelik meegedeel dat hy en 44 ander hoofmanne besluit het om die stam te verlaat en dat hulle as vrywillige bannelinge na die Suide sal verhuis. Die regent het versoek dat hierdie besluit wat in 'n verklaring vervat is, aan die Britse regering oorgedra word.

Tshekedi en die hoofmanne betwis nie die reg van Seretse as kaptein nie maar die wettigheid van die stappe wat hy en sy ondersteuners gedoen het om hom tot opperhoof, en Ruth Williams tot opperhoofsvrou, te verklaar. Hulle vra 'n geregtelike ondersoek om finaal die posisie van Ruth en haar kinders uit te maak.

Onder meer lui die verklaring: **„Ons betoog dat ons erkende wette en gebruike verbreek is en dat die bekende prosedure waarvolgens ons opvolger uitgeroep behoort te word, in die wind geslaan is. Die beslissing van die stam was 'n gepeupelbeslissing."**

Die inhoud van die samesprekings wat Seretse gevoer het, is nie bekend nie.

Daar word tans gewag op die Unie-regering om ook sy stem te verhef teen wat daar in een van die buur-protektorate aangaan.

**Die gebeurtenisse van die afgelope tyd bring opnuut die noodsaaklikheid dat die Britse protektorate aan die Unie oorhandig moet word, sterk onder die aandag.**

# BYBELBOEK VAN GROOT BETEKENIS ONTDEK

**Die ontdekking in 'n grot gedurende 1947 van 'n aantal leerperkamentrolle wat dele van Jesaja en die Psalms bevat, het tans weer die tonge aan die gang gesit oor die betekenis daarvan.**

**Dit is toevallig in Augustus 1947 in Sirië ontdek. Altesaam was daar elf perkamentrolle en ook 'n paar kleipotte. Die grot was half toegeval.**

Die geskrifte is in Hebreeus geskryf, en bevat die boek Jesaja tot by hoofstuk 66 vers 24 en ook verskeie Psalms. Daar is ook 'n kommentaar gevind op die profesië van die profeet Habekuk sowel as oor Joodse gewoontes. Verder is daar in Aramees geskryf oor Henog, asook dele wat handel oor 'n episie werk, „Die Boek van die Oorlog", en „Die Boek van Danksegging".

Die stukke is aan 'n Siriese klooster, die Amerikaanse Skool vir Oorsterse navorsing en aan die Universiteit van Jerusalem geskenk. In Jerusalem is die stukke deur proff. Burrows, Trevers en Browly ondersoek. Gesaghebbendes het die mening uitgespreek dat hierdie perkamentrolle dateer uit die eerste of tweede eeu voor Christus.

Die Britse blad, Intelligence Digest, haal in hierdie verband die mening aan van 'n bekende deskundige wat verklaar: „Ek het die Jesaja-geskrifte gesien op hul pad na Amerika waar dit nou bestudeer word. Die betekenis hiervan is werklik groot. Die vroegste bekende Hebreeuse geskrifte van die Ou Testament dateer uit die 9e eeu na Christus en dit word aanvaar dat al ons Hebreeuse geskrifte spruit uit gestandardiseerde werke na die val van Jerusalem, en die vraag het nog altyd gekwel of dit ooreenstem met die oorspronklike teks. Dit is daarom belangrik om 'n Hebreeuse manuskrip te hê wat dateer van voor die val van Jerusalem."

As dit 'n bevestiging blyk te wees van die Bybel, sal dit die Bybelkritiek van die afgelope eeu tot niet maak.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.